


Die storie van *De Vlugt* ,1771 tot 1863, met spesifieke verwysing na die Barkhuysen eienaars

Johan Barkhuizen. johan@barkhuizen.co.za / 0832742840

Ek het aanvanklik geglo dat die Barkhuysen-stamvader op *De Vlugt* gebly het en daarom het ek ook daar na die grafte gaan soek. Die rede hiervoor is dat *De Vlugt*¹ op 16 Julie 1780, as stamvader Jan Willem Barkhuysen se eerste leningsplaas aan hom toegeken is. Hoe meer ek egter navorsing gedoen het, hoe duideliker het dit geword dat *De Vlugt* skynbaar vir baie jare, ten minste tot die 1830's, 'n onbewoonde plaas was. Al lyk dit volgens die leningsplaasregister en erflatings asof die mense aan wie die plaas toegeken is daar gebly het, dui die feite op die teendeel. Die bronne wat ek gebruik het, is twee ander navorsers se inligting, die geskrewe verslae van reisigers, leningsplaasregisters, die titelakte van *De Vlugt* en boedels van mense wat met die plaas geassosieer word. Ek besef dat ek op hierdie stadium nie alle beskikbare bronne gebruik het nie en my argument is dus bloot op die beskikbare inligting gebou. Uit hierdie dokumente is dit egter duidelik dat die eerste vier eienaars, Elsje Botha, stamvader Jan Willem Barkhuysen, sy seun Johan Nicolaas Wilhelm =20.04.1788 en laasgenoemde se dogter Aletta Sophia Maria Martina Wilhelmina Jacomina Barkhuysen *29.1.1817 nooit op *De Vlugt* gewoon het nie.

De Vlugt is geleë langs die Keurboomsrivier in die kloof tussen die twee bergpasse wat as die Prins Alfred pas bekend staan. Op die eerste titelakte word die grense van *De Vlugt* soos volg beskryf: "NNE the Barren Hills, SE to the place Buffels River. distance 300 Roede, SSW to the Outeniqua Mountains and N to the place Klip Rivier.distance 1100 roedes"



Kaart van de Vlugt op die Prins Alfredpas- I Meyer



'n Foto van die Vlugt, soos dit vandag lyk.

ELSJE BOTHA – DIE EERSTE EIENAAR

Die eerste eenaar volgens die leningsplaasregister was Elsje Botha, die dogter van Jacobus Botha de oude, wat op 26 September 1771 die plaas *De Vlugt* op lening neem.² Net oos van *De Vlugt* het Jacobus van Beelen/Beulen de jonge, 'n plaas met die naam, "*de uijthoek*", op 31 Januarie 1772 op ordonnansie geneem. Dit was egter 'n fout van die amptenary, want die plaas is alreeds op 26 September ook aan Elsje Botha uitgegee en daarom is Van Beelen/Beulen se ordonnansie op 1 Oktober 1772 gekanselleer.³

¹ KAB: RLR Oude Wildschutte boek, p115

² KAB: RLR 21/2 Oude Wildschutte Boek, 26 September 1771, p.291.

³ Swiegers, JJ: Die geskiedenis van die Langkloof tot 1795.

Daar is geen inligting dat Elsje Botha ooit op de *De Vlugt* of *De Uithoek* gewoon het nie. Ek glo dat Elsje, net soos haar pa, Jacobus Botha de oude, hulle plase slegs as veeposte gebruik het. Jacobus Botha, het die twee aangrensende plase stroomop langs die Keurboomsrivier, *Kliprivier* en *Kykoe* (ook bekend as Keurboomsrivier), besit. Hierdie twee plase het in 1782 eiendom van stamvader Jan Willem Barkhuysen geword toe hy dit by Jacobus Botha gekoop het.

Elsje was in elk geval ook 'n interessante persoonlikheid, soos baie van die Botha's van die tydperk. Swiegers sê in sy verhandeling dat Elsje Botha die eerste geskeide persoon in die hele Langkloof was. Sy is in 1761 van Daniël Lombard geskei is omdat hy, volgens haar getuienis, soos 'n wreedaard teenoor haar en die kinders opgetree het, en "*in sijne godvergeetendheid, soo verre buijten 't spoor menschelijkheid draaft*".⁴ In werklikheid was die egskeiding al 16 jaar voor sy *De Vlugt* op lening gekry het. Ander inligting oor Elsje dui ook daarop dat sy nooit op *De Vlugt* gebly het nie. Ons weet dat Elsje Botha in 1773 die soldaat, Adrianus van Dorp,⁵ en in 1777 die matroos, Christiaan Bieler, as leenknegte gekry om op haar plaas, Zanddrift, te gaan werk.⁶ Ek dink die kans is uiters skraal dat Elsje op die afgeleë *De Vlugt* sou sukkel en 'n leenknegte op 'n ander, baie meer ontwikkelde plaas, Zanddrift,⁷ "*aan de Breede rivier*" laat werk. Daar is geen dokument wat wys dat sy tussen 1771 en 1780 (in die 9 jaar voor Barkhuysen *De Vlugt* gekry het) ooit daar gebly het.

Op die inventaris⁸ wat opgestel is na Elsje se dood in 1794 word duidelik gesê dat sy op daardie stadium op, *Janharmensgat*, haar pa, Jacobus Botha se plaas, aan die Kaapkant van Swellendam gebly het. Die inventaris van Zanddrift, wat ook aan haar behoort het, dui op 'n baie goed ingerigte (en luukse) plaashuis. Daar is nooit enige soortgelyke inligting oor *De Vlugt* nie.

De Vlugt word leningsplaas van stamvader Jan Willem Barkhuysen

Op 16 Julie 1780 is die plaas *De Vlugt*⁹ aan sy tweede eienaar, Jan Barkhuysen, as leningsplaas toegeken. Kort daarna is 'n tweede plaas, "*Keykoe gel.[geleë] over de attquaskloof aan Keurboomsrivier*" op 26 Januarie 1782¹⁰, aan Jan Barkhuysen toegeken. *Kykoe* is volgens die leningssooreenkoms "*de verlatene plaats van de oud heemraad Jacobus Botha de oude.*" 'n Derde plaas, *Kliprivier*, is op 17 September 1782¹¹ aan Jan toegeken. *Kliprivier* het net soos *Kykoe*, ook aan Jacobus Botha (Elsje Botha se pa) behoort. Op die boedelinventaris van stammoeder Jacomina in 1826 verskyn die plaas *Pietersrivier* (tussen *Kliprivier* en *De Vlugt*) ook as eiendom van die stamvader. Hierdie stuk grond tussen *De Vlugt* en *Kliprivier* was waarskynlik aanvanklik deel van *Kliprivier*. Dit beteken dat stamvader Jan Willem Barkhuysen al die grond vanaf *Kykoe* tot by *De Vlugt*, 'n afstand van 25 kilometer al langs die Keurboomsrivier, besit het.

Ek besef dat *De Vlugt* twee jaar voor *Kykoe* aan Jan Barkhuysen toegeken is en mens wil noodwendig dink hy sou op *De Vlugt* gaan vestig het. Dit is egter baie duidelik dat Jan en Jacquemina nooit daar gebly het nie want sy tweede leningsplaas, *Kykoe* in 1782, is in alle opsigte beter geleë en alle beskikbare inligting dui ook daarop dat hy op *Kykoe* gebly het.

Dit blyk trouens dat Jan Barkhuysen sedert die beëindiging van sy kontrak met Nicolaas van Rensburg, in 1776, alreeds op *Kykoe* gaan bly het. Met ander woorde twee jaar voordat *De Vlugt*

⁴.CJ 855 Oorspronklike Regsrolle en Notule (Siviël alleen), 17 Desember 1761, p.237.

⁵.CJ 2906 Kontrakte, 24 Augustus 1773, no.61, p.169.

⁶.CJ 2910 Kontrakte, 13 Junie 1777, no.33, p.96.

⁷ www.drosdymuseum.com. Zanddrift. *Jacobus Botha who acquired grazing rights for Zanddrift was one of the four local burghers to serve on the Drostdy board of heemraden when the district was established in 1743. In 1769 Botha transferred the property to his daughter Elsje and little is known of the history of Zanddrift between Elsje's occupancy and the first recorded title deed to the property in 1848. It was presumed that Elsje built the homestead, but it has now been established that a three-roomed cottage existed from about 1757 and that it was altered in about 1769. The original dwelling was probably occupied by an employee of Jacobus Botha. When Elsje went to live there the simple three roomed cottage became a T-shaped homestead with a new wing projecting back from the front hall..*

⁸ MOOC 8-21.2 Elsje Botha 1794

⁹ KAB: RLR Oude Wildschutte boek, p115

¹⁰ KAB: RLR Oude Wildschutte boek, p. 143

¹¹ KAB: RLR Oude Wildschutte boek, p. 42

amptelik aan hom toegeken is. Kort na sy aansoek vir burgerskap op 24 Oktober 1776¹² het hy *in maatschappij* met Jacobus Botha *d'oude* gegaan. Botha was Jaquemina se oupagrootjie en 'n gesiene oud-heemraad en ryk boer op die plaas *Jan Harmens Gat* naby Swellendam. Jan Willem Barkhuysen het twee van sy slawe aan Botha verkoop, hy sou sy eie ossewa gebruik, hy sou Botha se plase in die Bo-Langkloof bestuur en die vee aan kompanjieslagters verkoop. Jan Willem het die plaas (eintlik geboue) *Kykoe (Keurboomsrivier)* by Botha vir 150 Rds. gekoop, maar die betaling is tot met óf die dood van Botha, óf die beëindiging van die *maatschappij*, uitgestel.¹³ "n Verdere bewys dat JW Barkhuysen einde 1776/begin 1777 na *Kykoe* verhuis het, is dat hy op 14 Januarie 1778 as baaspadmaker vir die pad tussen Kannalandshoogte en *Keurboomsrivier (Kykoe)* aangestel is.¹⁴ *Kykoe* word selfs vandag deur die familie somer *Keurboomsrivier* genoem. Die landdros en heemrade sou beslis 'n persoon as baaspadmaker aangestel het wat daar in die Langkloof bly, wat die pad gereeld gebruik en die inwoners goed ken.

Reisigers wys dat De Vlug onbewoon was.

Daar is egter verskeie argumente, wat veral op bronne tussen 1783 en 1816 gebaseer is, wat verder aandui dat *De Vlugt* eintlik vir baie jare onbewoon was en dat die stamvader dus by implikasie op *Kykoe* gebly het. Eerstens kan 'n mens net na die praktiese aspekte van die ligging kyk. *Kykoe* is ook langs die Keurboomsrivier soos die ander plase, die kloof is baie wyer hier en dit is op die hoofroete (vandag N9) tussen George en Uniondale (en die Langkloof). Om op *De Vlugt* te bly sou baie ekstra vervoerprobleme geskep het, veral voordat die Prins Alfredpas later deur Bain gebou is. *Kykoe* lyk vir my uit 'n landbou oogpunt ook 'n beter opsie.

'n Baie belangrike bron is die reisverhale van Europese sendelinge en natuurkundiges. Drie reisigers wat volgens die beskrywing van hul roete by *De Vlug* verbygegaan het, het nie eens na 'n teken van lewe daar verwys nie. Dit was die plantkundige Lichtenstein in 1804 en die sendelinge John Campbell in 1813 en Latrobe in 1816.

Lichtenstein¹⁵ het vanaf Piesangrivier/Plettenbergbaai se kant gekom. Hy verwys na hul oornagplek, die verlate Khoisan blyplek, "Cloeteskraal" vandag bekend as Knoetskraal en vandaar is hy na Mattys Zondag op Avontuur op die roete wat later as Prins Alfred pas bekend sou wees. Hy verwys na die laagste plek in die vallei met 'n kristalhelder stroom wat Moordenaarskuil genoem word. Dit kan moontlik by *De Vlug* wees of iewers op die pas want net daarna is hulle oor die laaste uitputtende steil deel na Avontuur toe.

Campbell het in Maart 1813 op sy reis vanaf Plettenbergbaai tot op *Kykoe* net verwys na die plaas van Zondag, naby Witrivier, en kort voordat hy by *Kykoe* aangekom het, het hy sekerlik na Kliprivier verwys, waar honde blaf. By wat *De Vlug* se omgewing kon gewees het hy net verwys na "a fen in which were many pools of water" en "at present it is a lonely wilderness".

Uit Latrobe se verhaal is dit ook duidelik dat daar nie mense op *De Vlug* gebly het in 1816 nie. Ek haal dele uit Latrobe se vertelling aan om te verduidelik. Die geselskap het op die 23 ste Maart 1816, gestop by Veldkornet Van Huyssteen op Wittedrif (die van Huyssteen stamvader of sy seun Nicolaas?) en hulle het Latrobe vergesel tot by die volgende plaas. Daardie boer het hulle vergesel oor Perdeberg, en hulle het toe oornag op 'n plek bekend as "Kloeteskraal" en "here was neither house nor Hottentots's hut". Hy beskryf die oornagplek verder "The situation of our encampment was dreary in the extreme, high and bleak, surrounded by low eminences, which shut out the view of the mountains, not a tree in sight, and far distant from the dwellings of men".

Latrobe het redelik moedeloos gevoel daar in die wildernis en Broer Schmidt probeer toe die boer wat hulle vergesel het, ompraat om hulle met sy osse nog 'n dag te help, "to put us forward another "skoff" or days journey". After some silent conversation with his own feelings, he observed, that he could not be satisfied, to leave us in this desert, but though his oxen were tired, he would bring us to Klip Revier, on Kierbooms Rivier, being the first farm in the Lange Kloof".

¹² Kaapse argiefbewaarpark, C1166, p. 35.

¹³ Kaapse argiefbewaarpark, MOOC 14-80 vol 19-2 deel 2. Boedeldokumente van Jacobus Botha de oude

¹⁴ KAB: CO2229, Dagregister van vergaderings van Landdros en Heemrade, 14 Januarie 1778

¹⁵ Lichtenstein, Travels in Sothorn Africa,

Na ontbyt het hulle vertrek en vir middaget, by 'n plek wat moontlik "De Vlugh" kon wees, gestop. "After a tedious, difficult, and may I say, dangerous passage over many a hill and glen, we made one hour's out-span in a deep valley enclosed on all sides by steep banks, and got a luncheon of bread and honey."

En dan " About five o' clock, we arrived at Klip Revier, and were welcomed by a friendly farmer of the name of Barkhuis [Johannes Cornelis Barkhysen*20.08.1775], but who had it not in his power to put us forward today. By implikasie is daar volgens Latrobe dus geen plaas tussen Kloeteskraal en Kliprivier nie.

Volgens Latrobe het hy toe vir Jacquemina Barkhuysen en haar dogters op "Keurboomsrivier" ontmoet. Dit was in Maart 1816 en die stamvader was toe reeds oorlede. Ons weet dit was op Kykoe want Latrobe gee ook 'n leidraad want hy noem dat hy en Broeder Schmitt na die kloof gestap het waar die Keurboomsrivier uit die berge vloei. Verder het Latrobe vanaf Plettenbergbaai en Perdekop se kant af gekom en dus reeds verby De Vlugh gereis om op Kliprivier te oornag. Die volgende plaas op die ry af, en waar Jacomina in 1816 gebly het, was beslis Kykoe.

Johan Nicolaas Wilhelm Barkhuysen (junior) (b8) erf De Vlugh by sy ouers.

Met die beskikbare inligting wat oorweldigend daarop dui dat stamvader Jan Barkhuysen sedert 1778 ook nie op *De Vlugh* gebly het nie, moet mens nou na die volgende geslag kyk wat *De Vlugh* uit Jan Willem Barkhuysen en Jacquemina se boedel geërf het.

De Vlugh se titelakte¹⁶ as erfpagplaas is op 15 Augustus 1826 opgestel. Die plaas is 1975 morg en geregistreer in die naam van die weduwee van ontslape Johan Willem Barkhuizen. Dit is net enkele maande voor Jacomina se dood. Stamvader Jan is alreeds in 1812 oorlede.

Die vierde seun van die stamvader, Johan Nicolaas Wilhelm Barkhuysen =20.04.1788 en sy vrou, Aletta van Rensburg, het die plaas De Vlugh in 1826, na die dood van sy ma, Jacomina geërf. 'n Mens kon verwag het dat Johan NW na sy troue in 1816 alreeds op De Vlugh sou gaan boer het omdat die plaas moontlik alreeds aan hom toegeken sou wees as erfposisie. Dit lyk egter nie so nie.

Johan NW en Aletta se eersteling, met die lang lys name, Aletta Sophia Maria Martina Wilhelmina Jacomina Barkhuysen, se doop is in die Graaff-Reinet gemeente aangeteken. Ek glo nie hulle het daar gewoon nie. Aletta se ouers, Lucas Marthinus en MM van Rensburg, het in Graaff Reinet distrik gebly.

Aletta sterf op 17 jarige ouderdom in Junie 1817, vyf maande na die geboorte van haar eersteling, die dogter, Aletta S.M.M.W.J. Ongelukkig meld die inventaris nie waar dit opgestel is nie. Die eggenoot JNW het self die inventaris opgestel en dis mede onderteken deur PE Faure. Hulle het waarskynlik op daardie stadium op Kykoe gebly.

Johan NW Barkhuysen sterf in 1829 op 41 jarige ouderdom. (drie jaar nadat hy De Vlugh geërf het uit sy ma se boedel). Op 10 Feb. 1829¹⁷, is die inventaris van sy bates na sy dood opgestel. Alhoewel die inventaris melding maak dat hy die erfpagplaas, De Vlugh, besit, is sy besittings "geinventariseerd ter plaatse Kykoe". Dit beteken dat sy huis en besittings op Kykoe was. 'n Mens kan die afleiding maak dat hy na die dood van sy vrou, Aletta S.M.M.W.J., in 1817, op Kykoe gaan bly het en dat sy ma en sy twee oujongnooi-susters die baba, Aletta SMMWJ, help versorg het. In 'n aanhangsel in sy ma se testament sou hy die slaaf, Moses, kry indien hy nie sy ma verlaat voor haar dood (1826) nie. Dit lyk dus of hy lank saam met sy broer, Petrus Hendrik Carel, en sy twee susters, op Kykoe gebly het. Daar is ook geen aanduiding dat hy na sy ma se dood 1826 ooit op *De Vlugh* gaan bly het nie.

In Johan Nicolaas Wilhelm Barkhuysen (junior) se testament word al sy roerende en onroerende eiendom insluitende die erfpagplaas, *De Vlugh*, aan sy dogter Aletta SMMWJ bemaak. Sy was egter in 1829 slegs 12 jaar oud en volgens JNW se testament is haar oom en tannie, Nicolaas Van Huyssteen

¹⁶ Titelakte verkry van Ingrid Jerling wat Kleinplasie besit het.

¹⁷ KAB: MOOC 1/7/107 nr. 102

en Martha Catharina Barkhuysen (haar pa se suster) van Plettenbergbaai, as voogde aangestel "Als executeur mitsgaders voogd van de onmondige erfgenamen de burger Nicolaas van Huyssteen in de Plettenbergs Baay districts woonachtig verlenene aan deselfs alle macht en mact van assumptie Inventaris op 10.2.1829 van goedere na JNW se dood: Erfpacht plaats genaamd Vlug 1975 morgen gelegen in't Veldkornetskap van Lange kloof, 48 trek ossen 9 aanteelbeesten 1 hingst 3 perde 4 slawe," Invenatris opgeneem deur Veldkornet NH Jansen? en die eksekuteur Nicolaas van Huyssteen en as getuies geteken deur Bell Wehmeyer JC W Meyer[JC Wehmeyer?] Jan Willem Barkhuysen

Wat daarna met De Vlug gebeur het, is onduidelik. Die enigste inligting op *De Vlucht* se titelakte is die volgende twee inskrywings: TRANSFERRED 23 march 1849 (no. 236) to Estate of late Joh W Barkhausen [stamvader JW] en TRANSFERRED 23:4:1849 (T680) to Estate late JNW Barkhuizen [stamvader se seun b8 JNW]

Dit is onduidelik waarom die eiendom eers in 1849, twintig jaar na Johan NW se dood, na sy boedel oorgedra is. Die verklaring lê moontlik daarin dat Aletta op daardie datum eers al haar pa se besittings, insluitend De Vlug, geërf het. Sy sou in 1849 al 32 jaar oud gewees het?

In SAG is daar 'n inskrywing dat Aletta S.M.M.W.J ongeveer 1846 met Nicolaas van Huyssteen getroud is en dat hulle eersteling, Jan Willem, in 1847 gebore is. Ek glo hierdie is 'n heeltemal foutiewe inskrywing want ek kon nog geen dokumentêre bewys vir hierdie huwelik of doop opspoor nie. Daar is ook nie in die van Huyssteen geslagsregister 'n Nicolaas wat moontlik haar man kon gewees het nie. Daar is ook geen bron wat wys dat Aletta (en Nicolaas van Huyssteen) op de Vlug gaan vestig het nie. Ons weet egter dat Aletta, volgens 'n erfposisie van haar oom, die dowe Petrus Hendrik Carel, in 1881 nog gelewe het.

Daar was waarskynlik mense in die 1850's wat grond op De Vlug by Aletta gehuur het. Die eerste bewyse van mense wat daar gevestig het, begin in die tydperk met die bou van die pas. Ons weet dat Andrew Geddes Bain in die 1850's aan die Prins Alfred pas begin opmeet het. In 1856 het Thomas Bain aan die pas begin bou. Hy het self lank daar gebly en die huis bestaan vandag nog. Ek is oortuig daarvan dat die eerste betekenisvolle geboue en inwoners van De Vlug Bain se Kliphuis, die werkershuisies vir 270 gevangenes en die saal wat vir die konstruksie van die bergpas opgerig is.



Thomas Bain



In Nicholas Michael Barkhuysen van Orange Grove se dagboek (1859) lyk dit asof hy geelhoutplanke by Alex Kock op De Vlug gaan haal. In die 1860's het Alex Kock ook kinders op De Vlug gedoop.

Daar is 'n amendement op 329 morg op 24 April 1869 geregistreer. (onduidelik) Maar dit is moontlik die deel wat volgens Ilse Meyer¹⁸ deur Thomas Bain gekoop is. Ander inligting op die akte is dat 'n deel, 679 morg, as Kleinplasia na 1918 (datum nie genoem nie) geregistreer is.

'n Mooi getuigskrif vir Nicholas Michael Barkhuysen van Orange Grove (Gykoerie) uit die Knysna kerknotule van 1869 en 1870: "Ouderling Barkhuysen, van Langkloof, 'n vrygewige man en warme

¹⁸ Ilse Meyer: Prince Alfred's Pass, 1999

*ondersteuner van sy kerk, koop 'n kerkgeboutjie te De Vlugt en gee dit aan die kerkraad present vir dienste en skool".*¹⁹

Die eerste Barkhuysen wat weer in die 1900's daar gebly het is Algie Barkhuysen wat op Kwaairivier, (vandag die Forelplaas) geboer het.

Ek het net te min inligting om die prentjie hier rondom die 1860's te voltooi maar ek is seker dat De Vlugt tussen 1771 (eerste leningsplaas aan Elsje Botha) en 1863 (Bain) grootendeels 'n onbewoonde stuk grond was en dat 'n Barkhuysen die plaas tot baie naby aan 1863 besit het.



Die huidige gebruik van Bain se huisie –as gastehuis.

¹⁹ Smit, M.T.R. (ds): Gedenkboek Nederduits Gereformeerde Gemeente Knysna, 1851 -1951

Wat het van Aletta Sophia Maria Martina Wilhelmina Jacomina Barkhuysen geword? Is sy werlik met 'n Nicolaas (Cornelis?) van Huyssteen getroud, en indien wel, wie is hierdie Nicolaas van Huyssteen?

In die "Suid-Afrikaanse Geslagregisters (SAG) " word genoem dat Aletta Sophia Maria Martina Wilhelmina Jacomina Barkhuysen met Nicolaas van Huyssteen getroud is en dat hul seun Jan Willem van Huyssteen op 19 Sep 1847 gebore/gedoop is. Ons weet dat SAG baie foute het en ek sukkel al 'n geruime tyd om die oorspronklike huwelik- en doopinskrywings op te spoor om die gebeure te bevestig. Trouens ek kry nie hierdie huwelik of die doop van die kind Jan Willem nie. Indien hierdie inskrywing waar is, watter Nicolaas van Huyssteen was dit? Aletta SMMWJ het De Vlug van haar pa geerf in 1821. Sy het volgens 'n erforsie in 1881 waarskynlik nog gelewe.

Aletta SMMWJ is die dogter van Johan Nicolaas Wilhelm Barkhuysen (b8) =Kaapstad, NG Kerk 20.4.1788 †ong 10.2.1829 en Aletta Sophia Janse van Rensburg =Kaapstad, NG Kerk 14.4.1797 †Jan 1817. Haar ma, Aletta S van Rensburg, is kort na die geboorte oorlede en dit lyk of haar doop 'n manier was om die ma te eer. Aletta Sophia Maria Martina Wilhelmina Jacomina Barkhuysen is gebore op 29.1.1817 en op 13.4.1817 in Graaff Reinet gedoop. Sy het ses name gekry en daar was 21 doopgetuies nl: *Nicolaas Martinus Janse van Rensburg, Susanna Josina Jansen [van Rensburg], Petrus Hendrik Carel Barkhuizen, Albertha Catharina Barkhuisen, Stephanus Johannes Scheepers, Maria Magdalena Janse van Rensburg, Lucas Martinus Janse v Rensburg, Johanna Petronella Barkhuisen, Gerrit Marthinus Scheepers, Jacoba Susanna Janse v Rensburg, Cornelia van der Wat, Christina Jacomina Barkhuisen, Jacobus Stephanus van der Wat, Wilhelmina van der Wat, Lucas Marthinus J van Vuuren, ? Christina v Rensburg, Nicolaas van Huyssteen, Martha Catharina Barkhuisen, Nicolaas Jacobus Barkhuisen, Johanna Elizabeth Cronje, Johannes Cornelis Barkhuysen, Frederika Margaretha van Rensburg.*

In die doopinskrywing op 13.4.1817 is ook aangeteken dat die ma dood is. Die oorlede ma, Aletta van Rensburg se boedelinventaris is eers in Junie 1817 op Kykoe, die Barkhuysen stamvader, se plaas opgestel. Dit is waarskynlik dat pa, Johan Nicolaas Wilhelm en die babadogter, Aletta SMMWJ daar gebly het en dat sy ma Jacomina van Rensburg en sy twee oujongnooi-susters met die baba gehelp het. Hy het in elk geval met die opstel van sy testament in 1821 daar gebly.

Aletta SMMWJ is in die testament van haar pa in 1821 as erfgenaam van alle roerende en onroerende eiendom benoem

Als executeur mitsgaders voogd van de onmondige erfgenamen de burger Nicolaas van Huyssteen in de Plettenbergs Baay districts woonachtig verlenene aan deselfs alle macht en mact van assumptie Inventaris op 10.2.1829 van goedere na JNW se dood: Erfpacht plaats genaamd Vlug 1975 morgen gelegen in't Veldkornetskap van Lange kloof, 48 trek ossen 9 aanteelbeesten 1 hingst 3 perde 4 slawe, Invenatris opgeneem deur Veldkornet NH Jansen? en die eksekuteur Nicolaas van Huyssteen en as getuies geteken deur Bell Wehmeyer JC W Meyer[JC Wehmeyer?] Jan Willem Barkhuysen

Met watter van Huyssteen kon sy getroud wees? Daar was maar vier van Huyssteens wat Nicolaas as naam gehad het. Bykans almal se lewe is goed gedokumenteer en meeste van hulle was ook nie die "regte ouderdom" nie.

In die boedel van, Petrus Hendrik Carel, die jongste seun van die Barkhuysen stamvader word daar verwys na "*De kind van Nicolaas Willem broeder van de overledene, een kind (erf)*". Aletta SMMWJ leef dus nog teen 1881. Sy moes toe 64 jaar oud gewees het.

Die probleem is dat ek geen ander dokument, behalwe die doop en erforsie, waarin daar na Aletta SMMWJ, verwys word, tot hede kon opspoor nie. Ek het self na 100e doopgetuies in die Knysna en Uitenhage doopregisters gekyk of sy nie dalk genoem word nie. Sy het net verdwyn??